**In die laaste dae het God deur die Seun gepraat**

**Heb 1:1-2a**

**16 Januarie 2022**

1. Heb 1:1-3 vorm inleiding tot die boek
2. God praat
    a. God handel deurdat Hy praat – vgl Gen 1
    b. Deurdat God praat, maak Hy Homself aan ons as mense bekend – dat Hy bestaan, dat ons Hom kan ken, wat Hy doen, waar alles vandaan kom en waarheen alles op pad is
    c. Hoe praat God, wat gans anders is, effektief met mense van vlees en bloed?
3. Twee eras waarin God gepraat het: "in die verlede" en "in die laaste dae"
    a. "In die verlede" beteken voor Jesus se koms, "in die laaste dae" beteken tydens en sedert Jesus se koms
    b. In die verlede = Ou Testament = Ou Verbond; In die laaste dae = Nuwe Testament = Nuwe Verbond
    c. God praat in beide eras
    d. God se spreke in die laaste dae vloei voort uit Sy spreke in die verlede – volle implikasies van spreke in die verlede word duidelik in die spreke in die laaste dae – dit dra by tot die effektiwiteit van God se spreke
4. Twee maniere waarop God gepraat het: "deur die profete met die voorvaders" en "deur die Seun met ons"
    a. Deur die profete
        i. "deur" beteken ook "in" – onderstreep inspirasie deur Heilige Gees van die profete
        ii. "baie keer" – bv deur Abraham, Moses, Dawid, Jesaja, Jeremia, Esegiël….
        iii. "baie maniere" – direk, deur visioene, deur handelinge, deur historiese gebeurtenisse, deur simbole, deur poësie, deur tipes….
    b. Deur die Seun
        i. Seun is die Engel/boodskapper van die Verbond (Mal 3:1) – Jesus maak self die Vader bekend (Joh 1:18, 15:15) en maak die Vader bekend deur die Heilige Gees (Joh 14:26) en die apostels (Gal 1:11-12)
        ii. Seun is die inhoud van die Verbond (Joh 1:1-5, 14:6, 1 Kor 11:25)
5. Struktuur van Heb 1:1-2a:
    a. "in die verlede" vs "in die laaste dae", "met ons voorvaders" vs "met ons", "deur die profete" vs "deur ons"
    b. Waar is die ekwivalent vir "baie keer en op baie maniere"?
        i. God se eerste spreke was gefragmenteer, minder duidelik, voorbereidend (1 Pet 1:10-11), tweede spreke gefokus in die Seun
        ii. Verse 2b-3: God praat op baie maniere deur die Seun
6. Verreikende implikasies
    a. God se spreke fokus op die Seun – godsdienste wat die Seun ontken, is vals
    b. God se spreke word in slegs twee eras gegee – nie in sewe soos voorgestel in "dispensationalism" nie
    c. God <u>het</u> in die laaste dae deur die Seun gepraat – Sy spesifieke openbaring is afgesluit, nie verdere profesieë nie
    d. God het ook in Ou Testament gepraat – deel van Sy effektiewe spreke met ons